Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 5

14 Februarie 2025

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

TAALBELEID VAN SKOOL
Baie dankie aan al die ouers wat 11 Februarie se vergadering bygewoon het. 'n Volledige terugvoering word op die skool se platvorm (onder die beheerliggaam se dokumente) geplaas vir u om deur te gaan. Lees die dokument deeglik en reageer asseblief skriftelik voor Dinsdag 18 Februarie voor 12:00 indien nodig.

PARKERING : SPORTVELD BY GERALDSTRAAT
Ons herinner u dat parkering by die sportvelde op eie risiko is. Dit word aangeraai om aan die tennisbaan-kant te parkeer. Krieketnette moet ten alle koste vermy word. Dankie dat ons op u samewerking in hierdie verband kan staatmaak.

SKOOLDRAG : WIT SKOOLPETTE
Ons bevestig dat kinders skoolpette mag dra gedurende **pouse** en **sportoefeninge** as beskerming teen die son. Geen pette mag gedurende klastye binne die skoolgebou gedra word nie. Pette is by die klerewinkel beskikbaar indien u sou belangstel om een vir u kind aan te skaf.

SKOOLTYE
Dit is met kommer dat ons oplet hoeveel leerlinge laat by die skool opdaag. Ons bevestig net dat die skool om 07:45 begin en versoek u vriendelik om u kind betyds vir skool af te laai. Ons is bewus daarvan dat die verkeer soggens 'n invloed het, daarom sal ons dit waardeer as u dit in ag neem en vroeër van die huis af sal ry. **Kinders wat in die toekoms gereeld laat is, sal negatiewe inskrywings op hul kommunikasiekaarte kry.**

AFHAAL VAN LEERLINGE NA SKOOL
Ons wil alle ouers vriendelik versoek om u kinders betyds by die skool af te haal. Die skool kom tans om 14:15 uit en leerlinge wat nie aan aktiwiteite by die skool deelneem nie, moet so spoedig moontlik afgehaal word. Ons het tans 'n probleem met kinders wat tussen die nasorgkinders is en dan elke keer gesoek moet word. Alle kinders wat nie betyds afgehaal word nie, moet vir hul eie veiligheid op die stoep by die graad 1-klasse wag. Die gedeelte is onder kameradekking en ons kan dan enige voorvalle na skool monitor, want daar is nie toesig vir die kinders nie. Inien u nie u kinders betyds kan afhaal nie, moedig ons u aan om u kind in te skryf by plekke wat nasorggeriewe het.

L.O. PERIODES EN SIEKNOTA-PROSEDURE
Graad 1- tot 7-leerlinge mag op die dae wat hulle L.O. het, hul L.O.-klere skool toe aantrek. Indien die leerling(e) vir enige rede nie L.O. mag doen nie, moet hulle met volle skooldrag skool toe kom en ‘n getekende brief van die ouer/voog of doktersbrief (indien beskikbaar) met verskoning op die dag van die L.O.-periode saambring.

AFWESIGHEDE EN WERK NIE INGEGEE NIE:
Waar ‘n leerling afwesig was, of ‘n leerling weens ‘n ander rede nie sy of haar werk betyds kon ingee nie, moet die ouer(s) die leerling se onderwyser skriftelik dienooreenkomstig in kennis stel.

Die skoolbeleid is as volg:
a) werkopdrag een dag laat: -30% en ‘n inskrywing op die kommunikasiekaart
b) werkopdrag twee of meer dae laat: 0 en ‘n inskrywing op die kommunikasiekaart

Enige leerling wat afwesig is tydens ‘n toets of eksamen wat op die toets- of eksamenrooster van die skool aangedui is, moet ‘n doktersertifikaat indien. Leerlinge wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, sal nul vir die spesifieke toets of eksamen kry.

KLEREWINKELTYE
Maandae 07:30 – 12:00
Woensdae 12:00 – 14:30
Vrydae 07:30 – 12:00

A4-PLASTIEK OORTREKSELS
Die klerewinkel verkoop duursame kwaliteit A4-plastiekoortreksels teen R8 elk. U is welkom om dit winkelure aan te koop indien u sou belangstel.

SKOOLDRAG
Die leerlinge moet die korrekte somersdrag aantrek. Ons versoek u vriendelik om daarby te bly. Die dra van die skoolbaadjie tydens die saalbyeenkoms op Maandae is verpligtend. Die voorskrifte daarvoor verskyn in die gedragskode-dokument onder die “beleidsdokumente” op ons google drive-inligtingsplatvorm. Die skakel daarvoor is:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SNOEPIE : KARRI-TOEP
Hiermee ‘n paar wenke om die gebruik van die KARRI-toep te vergemaklik:
Indien u meer as een kind in die skool het, plaas al die bestellings onder een kind se naam en reël met u kinders om die bestellings onder mekaar uit te deel. Sodoende spaar u op ekstra bankkostes.

Daar word slegs ‘n boodskap vir Maandae se spyskaart uitgestuur, maar sodra u die toep oopmaak, is die hele week se spyskaart gelaai. Ons moedig u aan om, vir administrasie doeleindes en besparing op ekstra bankkostes, u bestelling vir die hele week vooruit te plaas. Bestellings vir die nuwe week maak Vrydae om 14:00 oop en sluit soggens om 07:00 vir die spesifieke dag.

SKOOLGELDE 2025

Die voorgestelde skoolgelde vir 2025 is soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R20 100	R2 010	R1 828
Tweede kind	R18 300	R1 830	R1 664
Derde kind	R12 700	R1 270	R1 155
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R20 100	R2 010	R1 828
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL			
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	
14:00/14:15 tot 17:30	R 9 772	R 2 443	
13:00/13:30 tot 17:30	R11 452	R 2 863	
13:00/13:30 tot 14:15	R 6 640	R 1 660	

MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR	
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**
1	R270/R225 2de kind
2	R415/R350 2de kind
3	R595/R530 2de kind

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2025. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (graad R tot 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2025 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2025 ‘n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met u kinders!

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 17 Februarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** Krieket: 0/11A teen Parsons Hill **(t)**
Di – 18 Februarie	:	Krieket: 0/9A+B teen Môrewag **(w)** Tennis: Snr. A Seuns teen Theodor Herzl **(t)** Tennis: Snr. B Seuns teen Clarendonpark C **(w)** Tennis: Jnr. Seuns teen Clarendonpark **(w)**
Wo – 19 Februarie	:	*** Juf. Martinette Coetzee verjaar** Klerewinkel **12:00 tot 14:30** Krieket: 0/13A teen Frans Conradie A **(w)** Krieket: 0/13B teen Willow Academy A **(t)**
Do – 20 Februarie	:	*** Juf. Chané de Wet verjaar** Klerewinkel **07:30 tot 12:00** Krieket: 0/11A teen Frans Conradie A **(w)** Krieket: 0/11B teen Willow Academy A **(t)** Tennis: Snr. Dogters teen St. Georgespark **(w)**
Vr – 21 Februarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** Waterkaskenadedag : **12:45**
Sa – 22 Februarie	:	**Metro-atletiekbyeenkoms : Oval**

SPORT EN KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
10 Februarie	0/13A	Parsons Hill	Parsons Hill kolf eerste en teken 25 lopies aan almal uit. LNP kolf tweede en teken 29 lopies aan sonder verlies van enige paaltjies. LNP wen met 10 paaltjies. **Beste boulers**: Roelof Campher 5 paaltjies vir 8 lopies en Elmer Kloppers 3 paaltjies vir 7 lopies
11 Februarie	0/9A	Herbert Hurd	LNP teken 47 lopies aan sonder verlies van enige paaltjies. Herbert Hurd teken 18 lopies aan en verloor 4 paaltjies. LNP wen 47 teenoor 4.5 **Ciarno Maritz** teken 16 lopies aan van 6 balle.
11 Februarie	0/9B	Herbert Hurd	LNP teken 22 lopies aan en verloor 3 paaltjies . Herbert Hurd teken 13 lopies aan en verloor 8 paaltjies. LNP wen 7 teenoor 1.5
12 Februarie	0/13A	Kabegapark	LNP het totaal van 173 lopies aangeteken. Kabegapark moes 174 aanteken om te wen. Kabegapark teken 12 aan almal uit. LNP wen met 161 lopies. **Beste boulers**: Elmer Kloppers - 5 paaltjies vir 2 lopies. Roelof Campher - 3 paaltjies vir 2 lopies.
12 Februarie	0/13B	Curro	LNP kolf eerste en teken 74 lopies aan in 15 boulbeurte en verloor 5 paaltjies. Curro kolf tweede en teken 75 lopies aan in 14 boulbeurte. LNP neem 3 paaltjies. LNP verloor met 7 paaltjies. **Beste bouler:** Marco Meyer **Beste kolwer:** Zhane Botha
13 Februarie	0/11A	Kabegapark	Kabegapark kolf eerste en teken 31 lopies aan vir 7 paaltjies. LNP kolf en teken 24 lopies aan almal uit. Kabegapark wen met 7 lopies.

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
11 Februarie	Senior A	Handhaaf B	LNP wen met 36 potte
13 Februarie	Senior dogters	VP Grey	LNP wen met 6 potte

I AM A BOOK

I am a book.
I'm there no matter where you look.
You cannot escape me,
because you'll be too intrigued to see…
You'll be as still as a mouse
when you read about that haunted house.
It will be so quiet you can hear a pin falling
when you read of how Jack is tumbling and rolling.

Keep your books in a good condition.
Perhaps it's new or an exclusive edition.
Hobbit, Hamlet are all so classic,
But the newer ones are also fantastic.

It’s so amazing to see the writers’ imagination
And read about it in this wonderful, bound creation.

Do read the books about gods and myths.
Of how Apollo creates sounds and riffs.
Go straight to the books about Greek mythology.
Don’t even bother with books about herbology.
Books are so a wonderful invention,
that I think I’ll write about them in my comprehension

Sebastian Kapp 7D